

Maandag

Luk. 11: 4, 5 – 12. Ps. 32. Teks: Luk. 11: 4a: "En vergeef ons, ons sondes." Tema: "Christus gee ons vergifnis wanneer ons om vergifnis vra." God vergeef ons omdat ons om vergifnis bid, nie omdat ons tot bekering kom nie. Dit is die nuwe manier waarop Christus deur sy lyding en opstanding vergifnis laat werk: dit is iets wat net voor gevra word én verkry word. Vergifnis deur die gawe van die Heilige Gees word net voor gebed - nie voor bekeer nie. (Luk. 11: 13) Die vra vir die gawe van die Heilige Gees is nie nog 'n ekstra gebede wat by die bedes van die "Ons Vader" in Luk. 11: 2 – 4 bykom nie. Die bedes van die "Ons Vader" is hoe ons vir die gawe van die Gees bid. Hierdie gawe het Christus aan die regterhand van God ontvang en uitgestort. Hand. 2:33. Christus "ontvang die Heilige Gees" beteken Hy ontvang die twee groot beloftes van God, die Dawids- en Abrahamsbeloftes, soos dit in die loflied van Sagaria openbaar word. (Luk. 1: 69, 72, 73.) Christus stort die Heilige Gees oor ons uit deur al die beloftes van God seëninge in ons lewe te maak. Daarom word God se verbondsbeloftes in Efe. 1:3 genoem "die seëninge" van die Gees. God se beloftes is seëninge in ons lewe omdat dit waar en deel van ons lewe is. Ons leef daarom nie in God se beloftes nie, maar binne God se seëning - dit is beloftes wat Christus vir gelowiges elke dag waar en geldig in hulle lewe laat wees. (Esegiël 36: 24 – 28) Hierdie seëninge van die Gees is alles waarvoor ons God voor vra in die "Ons Vader". Daarom beteken om te vra vir die Heilige Gees as gawe, niks anders as alles voor te bid wat Christus ons met die "Ons Vader" geleer het om voor te bid nie. Die wyse waarop ons vra vir die gawe van die Heilige Gees vir die seëninge is die "Ons Vader" gebed. Waarvoor ons God in die "Ons Vader" bid, is die seëninge (vervulde verbondsbeloftes) wat Christus elke dag deel van ons lewe laat wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Luk. 11: 4, 5 – 12. Ps. 32. Teks Luk. 11: 4a: "En vergeef ons ons sondes." Tema: 'Christus gee ons vergifnis wanneer ons om vergifnis vra.' Omdat Christus klaar vergifnis 'n seëning gemaak het wat deel van ons lewe is, werk vergifnis nou op 'n nuwe manier: Vergifnis word net gevra en gegee. Vergifnis vra bewerk en maak nie vergifnis deel van ons lewe nie. Dawid bely dit al in Psalm 32 só: Ons is gelukkig want ons sondes word bedek en ons sondeskuld word nie toegereken nie. (Ps. 32: 1 en 2) "Gelukkig" beteken om geseënd te wees. Dawid erken sy sondes omdat God sy sondes bedek hét en sy sondeskuld hom nié toegereken hét nie, nog voordat hy om vergifnis gebid het. Daarvoor loof Dawid die Here ook in Ps. 103: 8 -14. Dawid noem vergifnis as een van die weldade, dit is seëninge van die Here in hierdie Ps. só: "Hy behandel ons nié ooreenkomstig ons sonde nié en vergeld ons nié ooreenkomstig ons sondeskuld nié. Want so hoog as wat die hemel bo die aarde is, so hoog troon sy liefde uit bokant bo die wat vir Hom ontsag het. So ver as wat die ooste verwyder van die weste is, so ver verwyder Hy ons oortredings van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat vir ontsag het; want Hy, Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons maar stof is." Hanteer God ons só in sy troue liefde eers nádat ons om vergifnis gebid het - om met ons nie te handel ooreenkomstig ons sonde en ons nie te vergeld vir ons sondeskuld nie? As God ons eers nadat ons om vergifnis vra nie volgens ons oortredings en skuld behandel nie, dan beteken dit dat God voor ons om vergifnis vra, ons dreig dat Hy ons volgens ons oortredings en skuld gaan behandel of, en dit is hoe dit vandag gepreek en geglo word - dat God ons volgens ons oortredings en skuld behandel tótdat ons ons om vergifnis vra. Dan kry ons nie sy seëning van

vergifnis deur die Heilige Gees nie, maar net wanneer ons daarvoor vra. En dit is nie waar nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Luk. 11: 4, 5 – 12. Ps. 32. Teks Luk. 11: 4a: "En vergeef ons ons sondes." Tema: 'Christus gee ons vergifnis wanneer ons om vergifnis vra.' God het dit vir Dawid ondraaglik gemaak om nie om vergifnis te vra nie. Dawid het "stilgebly" omdat hy nie dit wat hy gedoen het as sonde wou erken nie, maar wou sien as iets goeds. Hy wou in sonde volhard. Dawid beskryf hierdie poging om in sonde te volhard as om soos 'n perd en muil te wees sonder verstand wat met 'n toom en stang betoel te word. Dit is wanneer 'n mens net sonde erken as God jou met geweld inbreek. Wat doen God wanneer ons probeer volhard in sonde met gebedstiltes? Dit stel Dawid in vers 10: ons as God se kinders kan Hom vertrou om ons met sy troue liefde te omring! Wanneer? Net eers wanneer ons sonde as sonde erken en om vergifnis vra? God omring ons altyd in sy troue liefde – dit is die gawe van die Heilige Gees wat Jesus Christus ontvang en oor ons uitgestort het. Ons lééf in sy troue liefde VOOR ons sondes doen, TERWYL ons sonde doen en NA ons sonde gedoen het. En daarom wys Dawid se gebed ook hoekom ons as gelowiges nie oor sondes voor God sommer net kan stilbly en maak asof dit nie sondes is nie! Want die troue liefde van God waarin ek leef maak dit vir my onmoontlik! Dit is hoe Christus ons as kerk deur sy Gees regeer – Hy maak Homself vir my sonde die skuldige en die oortreder sodat ék vir God nooit 'n skuldige en oortreder is nie. Dit is die kragtige Verlosser wat Sagaria loof: Jesus maak ons mense wat God nie meer vrees vir hul sondeskuld en oortredings nie. Wat maak Christus met ons sonde erkenning voor God? Hy laat dit deel wees van ons heilige en regverdige lewe wat Christus vir ons bewerk en in laat deel. Op hierdie wyse is ons 'vra' om vergifnis en om ons sonde te erken as sonde, die wyse waarop ons God se liefde vir ons VERTROU. Ons gebed om vergifnis is hoe ons God DANKBAAR is vir sy verlossing en hoe ons God vir sy vergifnis verheerlik. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Luk. 11: 4, 5 – 12. Ps. 32. Teks: Luk. 11: 4a: "En vergeef ons ons sondes." Tema: 'Christus gee ons vergifnis wanneer ons om vergifnis vra.' " Vergifnis vra" is net om sondes as sonde te bely en om van God die versekering te kry – alles is reg! Dit is hoe God nou ons gebede om vergifnis antwoord: om ons te verseker ALLES IS REG! Daar is niks verkeerd nie! God bevestig ons vra om vergifnis met die antwoord: "Alles is reg, want Christus hét alles reg gemaak!" Ons vra om vergifnis om hierdie bevestiging by God te kry. Gebed is nie die manier waarop ons ons sondes met God reg maak nie. Christus se lyding en opstanding is hoe God ons sondes reg gemaak hét. Hierdie 'net vra' is 'n nuwe manier van om vergifnis vra, want in hierdie vra is ons kinders wat brood vra én kry, wat klop én voor oopgemaak word en soek én vind. Ons is nie kinders voor 'n God wat kwaad is en wag dat ons met gebed ons sondes moet kom reg maak nie. Ons vra ons Vader wat kláár gesorg het vir wat ons nodig het. Daarom vra ons om net die bevestiging te kry dat alles reg is. Dit is al! 'n Seun wat kos vra, kry kos! Hy werk nie daarvoor nie, pleit nie daarvoor nie en moet nie eers sy liefde bewys of sy verhouding met sy pa reg kry nie. Jy vra én kry! Jy erken sondes deur belydenis en God bevestig – alles is reg! Dit is net vra en dit word gegee, net klop en word oopgemaak, net soek en vind. Niks anders nie! Christus het gebed vir ons verander VAN 'n middel waardeur ons vergifnis vir ons self moet bewerk en deel van ons lewe maak, NA net 'n vraag wat bevestig word

deur God. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Luk. 11: 4, 5 – 12. Ps. 32. Teks Luk. 11: 4a: "En vergeef ons ons sondes." Tema: 'Christus gee ons vergifnis wanneer ons om vergifnis vra.' Hoekom het dit so moeilik geword om vir God om vergifnis te vra? Want die geestelike ghoeroes vandag het vergifnis verander van net vra en kry na - bekeer óm te kry! Hierdie bekering is om in gebed berou te hê oor jou sonde, sonde te haat en van sonde weg te vlug, om 'n lus en liefde te hê om volgens die wil van God te leef en goed te doen met goeie werke. Déúr jou bekering moet jy eers jou sonde regmaak en jouself reg kry en dán sal God vergifnis deel van jou lewe maak. Só word die gebed vir vergifnis baie meer as net vra. Jy moet nou vra terwyl jy jou egte berou oor sonde wys, jou afsku in sonde verklaar en beloof om van sonde weg te vlug. Dit is hoe jy nou moet vra vir vergifnis deur in jou gebed tot bekering te kom. Net so moet jy bid en in jou gebed verklaar dat jy onderneem om God se wil te doen en dat jy hom sal lief hê. Wanneer jy só bid, jou gebed 'n bekering maak, dan (so glo die geestelikes) sal God wat sy seëning van vergifnis nog nie vir jou gegee het en nog nie deel van jou lewe gemaak het nie, jou vergewe wat beteken jou deel van sy vergifnis maak. Volgens die geestelike ghoeroes ontvang jy die seëning van vergifnis deur jou bekering wat jy in gebed aan God van vertel. Gebed word iets waardeur jy vir God van jou bekering van sonde vertel óm vergewe te word! Vir wie vertel jy in jou gebed van jou bekering? Vir God wat jou nog nie vergeef het nie. God wat nog afsydig, terughoudend, kwaad en grimmig is oor die sonde wat jy gedoen het. Teenoor hierdie God moet jy met jou bekering jouself verneder, verkleineer, sleg maak en af skryf eers dan gee Hy jou vergifnis. Daarteenoor: Christus het vir ons 'n nuwe manier van vergifnis bewerk. Ons kry nie vergifnis deur ons bekerings nie, maar net deur te vra en te kry by 'n liefdevolle Vader - sonder ons bekerings. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.